Sake 24 (Beeld), 18.11.2011, MiX.jpg (433x956x16M jpeg)

SAKE 24 (Beeld)
18 Nov 2011, p.18

MIX TELEMATICS

Boekjaar begin op 'n goeie noot

Ingé Lamprecht

Johannesburg. – Die vlootbestuur- en voertuigopsporingsgroep MiX Telematics sê hy het sy finansiële jaar goed begin.

Mnr. Stefan Joselowitz, uitvoerende hoof, sê ten spyte van sy goeie syfers is die groep senuagtig oor die ekonomieë in baie van die sleutelgebiede waar hy sake doen.

Die plaaslik genoteerde MiX Telematics is bedrywig in onder meer die Verenigde Koninkryk, Europa, Noord-Afrika, die Midde-Ooste en Australië.

Die groep het gister sy tussentydse resultate vir die tydperk tot 30 September bekend gemaak.

Joselowitz het gister in 'n verklaring op die JSE se nuusdiens, Sens, gesê die groeitendens wat die groep in 2010 herstel het, het in die huidige tydperk voortgeduur en versnel. Die groep het in 2010 en 2009 gebuk gegaan onder 'n sterk rand.

"Alhoewel handelstoestande in die meeste gebiede waar ons sake doen steeds uitdagend bly, het al ons ondernemings in die jaar tot dusver beter presteer as wat beplan is," sê hy.

MiX Telematics se aangepaste wesensverdienste het in die oorsigtydperk met 29,3% tot 6,5c per aandeel verhoog. (Lees die kassie vir nog syfers.)

Joselowitz sê die groep se fokus op die olie- en gasbedryf in die VSA blyk die regte strategie te wees. In die laaste maande van die vorige finansiële jaar is groot kontrakte met twee maatskappye in dié bedryf gesluit.

Albei is op die New Yorkse aandelebeurs (NYSE) genoteer.

Joselowitz sê die groep fokus vanjaar daarop om dié kontrakte in werking te stel. Hy verwag dat dit 'n bykomende 12 000 voertuigsubskripsies tot gevolg kan hê.

Hy is ook baie opgewonde oor 'n nuwe produk wat die groep in Afrika bekend wil stel. Die produk, Beam-e, sal die groep toegang gee tot die hoë-volume-laekoste-kant van die voertuigopsporingsmark waar die groep nie voorheen bedrywig was nie. Joselowitz meen die tegnologie wat spesifiek vir die toestel ontwikkel is, kan die groep in staat stel om sy markaandeel hier te verhoog.

MiX Telematics se annuïteitsinkomste het in die ses maande van R254 miljoen tot R282 miljoen gestyg.

Hy was ook in staat om kontant van R76 miljoen uit bedrywighede te genereer in die tydperk.

Joselowitz sê hoewel dit effens minder is as in die vergelykende tydperk (R80 miljoen), is die groep gelukkig met die syfer aangesien die groot kontrakte wat hy bekom het tot groter rekeninge ontvangbaar en voorraad gedurende die bekendstellingsfase gelei het.

Aandeelprys

Gister	(onveranderd)	R1,55
Hoogtepunt vir die jaar		R1,80
Laagtepunt vir die jaar		R1,05

MiX Telematics se halfjaar tot einde September

	2011	2010	%-VERANDERING
Omset	R469 m.	R436 m.	+7,7%
Wins	R30,2 m.	R23,6 m.	+28,1%
Annuïteitsinkomste	R282 m.	R254 m.	+11%
Wesensverdienste per aandeel	4,7c	3,6c	+30,6%